higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

27 Februarie 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

120Q1S2027

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Verkiesingsdag (27 April 1994) word nou as Vryheidsdag gedenk wat ’n openbare vakansiedag is.

1.2 Diskriminasie beteken om die verskille tussen mense te gebruik as ’n rede om een individu of groep anders as ander op ’n onregverdige manier te behandel.

1.3 ’n Monargie is ’n land wat deur ’n groep mense regeer word.

1.4 Tuislande, algemeen bekend as TBVC-state, was klein grondgebiede waarop swart Suid-Afrikaners gedwing is om te woon.

1.5 Al die staatsinstellings hoef nie met mekaar saam te werk nie en kan hulle eie ding doen.

1.6 ’n Pas was ’n dokument wat al die blankes by hulle moes hê wat hulle toestemming gegee het om in ’n gegewe gebied te wees.

1.7 Mense wat in tuislande gewoon het, het paspoorte nodig gehad om ander gebiede van Suid-Afrika binne te gaan.

1.8 Ballingskap beteken dat iemand gedwing is om sy/haar land te verlaat om in ’n ander land te woon.

1.9 Nasionale wetgewing maak voorsiening vir tradisionele howe.

1.10 Die Handves van Regte maak voorsiening vir regstellende aksie om die nalatenskap van diskriminasie van die verlede reg te stel.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

basiese vryheid; 1994; regering; grondwet; drie sfere; Konstitusionele Hof; parlement; 1988; wetgewer; staatsbestuur; indirekte demokrasie; 1989

2.1 … beteken mense kies mense om besluite namens hulle te neem.

2.2 … is die proses om besluite te neem en om dit te implementeer.

2.3 Die … is die hoogste of belangrikste hof in die land.

2.4 In ... het die regering, wat deur die Nasionale Party (NP) gelei is, ingestem tot ’n vyfjaarplan om Suid-Afrika polities te hervorm.

2.5 Die … is ’n groot organisasie van mense wat wette maak en seker maak die wette word nagekom.

2.6 Die Suid-Afrikaanse regering bestaan uit ... van regering.

2.7 Enige wet wat die ... oortree of enige optrede wat strydig daarmee is, kan hof toe geneem word.

2.8 … beteken die vermoë om te doen wat jy wil sonder om deur iemand beheer of beperk te word.

2.9 Die ... bestaan uit verkose verteenwoordigers van die land se burgers.

2.10 Die … is deel van die lang geskiedenis van die stryd teen rassistiese wette vir demokrasie in Suid-Afrika.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Vereis dat die regering in ooreenstemming met wette optree	A	gelykheid
3.2	Gebaseer op die hoofwaardes van menswaardigheid, bereiking van gelykheid en bevordering van menseregte en vryhede	B	diskriminasie
3.3	Stel wette of reëls wat die wetgewer maak of verander om die bedrywighede van die regering te beheer	C	openbare administrasie
3.4	Hoof van die uitvoerende gesag in die nasionale sfeer van die regering	D	regsoewereiniteit
3.5	Drie sfere van die Suid-Afrikaanse regering	E	provinsiale koerant
3.6	Baie belangrike deel van die grondwet	F	Nelson Mandela 1994-1999
3.7	Gemeenskappe wat anders en onbillik behandel word gebaseer op verskille tussen hulle	G	Handves van Regte
3.8	Beklee die amp van die president toe Suid-Afrika ’n demokratiese land in 1994 geword het	H	wetgewing
3.9	Reg om gelyk behandel te word sodat niemand ’n onbillike voordeel het nie	I	president
3.10	Amptelike koerant van die provinsiale regering	J	nasionale, provinsiale en plaaslike regering

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik *aanspreeklikheid* as een van die sleuteldoelwitte van demokratiese staatsbestuur in Suid-Afrika. (6)

4.2 Onderskei tussen *maatskaplike regte* en *ekonomiese regte* en gee EEN voorbeeld van elk. (4 + 4) (8)

4.3 Noem SES howe in die Suid-Afrikaanse hofstelsel. (6)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

PLAKKERS MOEG OM DIE DONKER TE LEEF!

Deur Nelson Maplangu

Woedende plakkers van Bekkersdal, wes van Johannesburg, het hulle buurt gister tot stilstand gebring nadat hulle die strate ingevaar het. Hulle wou hê dat die munisipaliteit sy beloftes nakom om elektrisiteit te installeer. “Daar is aan ons belowe dat ongeveer 2 600 eenhede voor die verkiesing in ons gebied geïnstalleer sou word”, het ’n woedende inwoner gesê. “Maar die munisipaliteit het nie sy belofte nagekom nie, en dit is waarom ons protesteer.”

Die beswaarmakers wou na die Westonaria Munisipaliteit opruk, maar die polisie het hulle gestop deur rubberkoëls af te vuur. Motoriste kon nie verbyry nie, want die strate is met brandende bande en klippe versper. Toe die *Daily Sun*-span daar aankom, het die polisie op beswaarmakers wat ’n supermark geplunder het met rubberkoeëls gevuur. Winkeleienaar Masala Abacho het aan *Daily Sun* gesê dat buitelanders vir hulle lewens vrees. “Ons is nie veilig hier nie. Die polisie doen hul bes om ons te beskerm,” het hy gesê. “Die enigste ding wat vir ons oor is, is om op te pak wat oor is van ons voorraad en te gaan.”

Thabo Shumane (32) Het uitgevaar teen die beswaarmakers. “Dis nie meer ’n protes nie. Winkels word geplunder en mense verniel eiendom wat veronderstel is om hulle te help.” Provinsiale woordvoerder, kaptein Kay Makhubele, het die beswaarmakers veroordeel. “’n Konstruksieterrein wat niks met die protes te doen het nie, is in die naam van protesteer-teen-elektrisiteit verniel.” Hy sê dat een persoon gearresteer is. “Ons het meer polisie na die gebied gestuur, want die protes is buite beheer. Ons het gevalle van kwaadwillige gevaar vir eiendom aangemeld.”

[Aangepas uit: *https://www.dailysun.co.za/News/National/squatters-tired-of-living-in-the-dark-20190410*]

5.1 Het die gemeenskap die reg om te protesteer? Staaf jou antwoord. (2)

5.2 Was hierdie protes oor elektrisiteit? Staaf jou antwoord. (2)

5.3 ’n Saak van kwaadwillige gevaar vir eiendom is by die polisiestasie aanhangig gemaak.
Watter ander misdaad is ook deur die gemeenskapslede gepleeg? (2)

5.4 Bespreek *menseregte* en *basiese vryhede*. (2 + 2) (4)

5.5 Verduidelik *responsiwiteit* as een van die sleuteldoelwitte van demokratiese staatsbestuur in Suid-Afrika. (6)

5.6 Wat is die verantwoordelikheid van ’n munisipaliteit binne sy gebied? (9)

5.7 Gee VYF voorbeelde van die belangrike basiese waardes en beginsels wat volgens die grondwet op staatsamptenare van toepassing. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 Onderskei tussen *grondwetlike sake*, *kriminele sake* en *siviele sake*. (3 × 5) (15)

6.2 Verduidelik die struktuur van die Konstitusionele Hof. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Copyright reserved